

Tema : Waarna streef jy: alleenheid of eenheid?

Skriflesing: Filippense 2: 1 - 4

Paulus skryf die brief aan die die Filippense vanuit die gevangenis. Die gemeente in Filippense was ook die eerste gemeente wat Paulus op die Europese bodem gestig het. Paulus was besorg oor eenheid in die gemeente aangesien daar onderlinge was. Paulus het 'n besondere verhouding met die gemeente gehad. Dit het grootliks uit Christene bestaan wat nuut was tot die geloofsgemeenskap en was klein en arm, maar vrygewig en hulpvaardig.

Paulus skryf aan die gemeente:

“Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing - maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.”
– Filippense 2:1-4.

Om hierdie gedeelte in Afrikaans te vertaal kan ons sê: “Aangesien julle [dit] ervaar het, wees een, deur [so] te leef.”

Hier is drie gedeeltes in hierdie vier verse in Filippense. Kom ons bespreek elke gedeelte afsonderlik en dan bind ons dit saam soos Paulus dit vir ons skryf.

Die eerste deel: Die ervaring.

Ons ervaar troos in Christus, die aansporing in liefde, die gemeenskap deur die Gees en innige meegevoel en meelewing. Hierdie klink na baie dinge en kan oorweldigend wees as dit so op een slag gelees word.

Troos in Christus het te make met daardie bemoediging wat jy ervaar wanneer jy nie weet watter kant toe nie en jy besef dan jy kan jou probleme na die Here toe vat en Hy sal jou rustigheid gee. Of dit nou werk, verhoudings of finansies is waaroor jy bekommerd is. Vat dit na die Here toe en Hy sal jou vertrous en rustigheid gee.

Die aansporing in liefde is wanneer jou man of vrou of vriend vir jou moeilike dinge kan sê sodat jy vorentoe kan beweeg. Dinge wat jy weet dalk moeilik gaan wees om te doen. Maar saam met iemand wat jou in liefde bystaan gaan moeilike dinge maklik. Dit is immers waarna ons as gemeente streef: om mekaar in liefde te ondersteun. Ons behoort 'n fontein van liefde te wees.

Gemeenskap deur die Gees is om lekker saam te kuier. 'n Braai, 'n uiteet, 'n koffie. Dit is alles gemeenskap waartoe die Gees ons lei. Die Gees lei ons nie om alleen op ons eie deur

die lewe te gaan nie, maar saam met ander. Saam met ander wat ons kan vertrou, saam met ander wat ons kan motiveer. Die Gees lei ons om saam met ander deur die lewe te gaan, nooit alleen nie.

Innige meegevoel: Mee-gevoel. Met-gevoel. Om saam met iemand te voel. Dieselfde kan gesê word van meelewing: Mee-leef. Met-leef. Om saam met iemand te leef. Om saam met iemand te voel en te leef is dinge wat die Filippense ervaar het en wat ons vandag nog ervaar.

Wat egter uitstaan in hierdie eerste gedeelte of vers 1, is dat niks van hierdie gevoelens of ervarings alleen gevoel of ervaar kan word nie. Alles gebeur in gemeenskap. Troos, aansporing, kuier, meegevoel en meelewing is alles gevoelens wat in verhouding tot iemand anders ervaar word. Nie alleen nie.

Dan sê Paulus, omdat die Filippense dit ervaar, sal hy graag wil sien dat hulle een sal wees. Een in liefde, een in hart en een in strewe. Dit bring ons by die tweede gedeelte, naamlik die middelste gedeelte wat vers 2 is.

Hierdie gedeelte staan in die middel omdat die belangrikste is van hierdie vier versies en daarom gaan ons dit eers oorslaan en later terugkom daarna.

Die derde gedeelte is die etiese gedeelte van die vier verse. Dit kontrasteer verskillende deugdes teenoor mekaar. Moet nie uit eersug lewe nie, maar in nederigheid. Moet nie selfsugtig wees nie, maar help mekaar. Hierdie etiese gedeelte word, soos die eerste gedeelte, genoem as rede oor hoe eenheid bekom kan word.

As elkeen net vir sy eie eer gaan werk of leef, dan gaan daar glad nie eenheid in 'n gemeenskap wees nie, want die een gaan konstant beter as die ander probeer wees. Dit gaan die eenheid van die gemeenskap opdeel in alleenheid. Paulus stel voor dat die gemeenskap mekaar se belange op die hart dra en saam streef na 'n gemeenskap wat mekaar se belange belangriker ag as hul eie. Waar die geheel belangriker is as die individueel.

Wat my terugbring na Vers 2, die middelste gedeelte. "Maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe."

Die geestelike belewenis wat in vers 1 genoem word en die etiese riglyne van vers 3 dra by tot die dieper grond van eenheid of eensgesindheid. 'n Gemeenskap wat saam dieselfde geestelike belewenisse ervaar en saam eties optree, staan saam. Iemand gaan baie sukkel om so 'n gemeenskap te breek.

So 'n gemeenskap is lief vir mekaar, so 'n gemeenskap deel dieselfde gevoelens as dit by hartsake kom en so 'n gemeenskap strewe na dieselfde doel. As die individu in so 'n

gemeenskap ly, ly die hele gemeenskap en as een in die gemeenskap gelukkig is, is die hele gemeenskap gelukkig. So 'n gemeenskap breek baie moeilik.

[stokkie illustrasie]

As ons as gemeenskap wil sterk staan, sal ons een in liefde, een van hart en een in strewe moet wees. Ons sal slegs so 'n gemeenskap kan wees indien ons ander hoër ag as onself en ook aan die belange van ander dink. As ons so 'n gemeenskap wil wees is daar nie plek vir arrogansie of selfsugtigheid nie. In so 'n gemeenskap is daar wel plek vir nederigheid, belangstelling, waardering, opregtheid, mededeelsaamheid en hulpvaardigheid.

Jy kan kies van watter gemeenskap jy lid wil wees.

Amen